# Finansies Beleid: Instel en bedryf van interne finansiële heffings

| | |
|---|---|
| **Tipe dokument:** | Beleid |
| **Doel van die beleid:** | Die goedgekeurde prosedure wat gevolg moet word vir die instel en bedryf van enige interne finansiële heffing vir dienste en/of produkte wat enige omgewing binne die Universiteit aan 'n ander omgewing binne die Universiteit lewer. |
| **Goedgekeur deur:** | US Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 5/4/2009 |
| **Implementeringsdatum:** | 2009 |
| **Datum van volgende Hersiening:** | Soos nodig |
| **Datum(s) van vorige Hersienings:** | Geen |
| **Beleideienaar[1]:** | Uitvoerende Bedryfshoof |
| **Beleidkurator[2]:** | Hoofdirekteur: Finansies |
| **Sleutelwoorde:** | Interne Finansiële Heffing, Interne Omgewing, Finansiële Heffing |
| **Geldende Weergawe:** | Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar. |

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

[1] Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.
[2] Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

**2.23**
**DIE INSTEL EN BEDRYF VAN INTERNE FINANSIËLE HEFFINGS**

**Bestek: Die goedgekeurde prosedure wat gevolg moet word vir die instel en bedryf van enige interne finansiële heffing vir dienste en/of produkte wat enige omgewing binne die Universiteit aan 'n ander omgewing binne die Universiteit lewer.**

**Beleid:**

Indien enige interne omgewing van die Universiteit 'n finansiële heffing wil instel en bedryf moet die volgende prosedure gevolg word en die volgende goedkeurings verkry word:

- 'n Volledige uiteensetting van die rasionaal en berekeningsbasis vir die voorgestelde interne heffing moet aan die betrokke Verantwoordelikheidsentrum-hoof voorgelê en skriftelik deur die betrokke Verantwoordelikheidsentrum-hoof aanbeveel word.

- Die volledige voorstel en aanbeveling in 1 moet aan die Hoofdirekteur: Finansies voorgelê word vir skriftelike aanbeveling aan die Finansies Komitee (FK).

- Die FK vergader ingevolge die goedgekeurde Reglement minstens tweemaandeliks. Datums vir die sluiting van die agenda kan by die Direkteur: Finansiele Beplanning en Batebestuur (Sekretaris van die FK) verkry word.

- Die interne heffing tree in werking op 'n datum soos goedgekeur deur die FK.

- Enige wysiginge in interne heffings, wat ook aanpassings in tariewe insluit, moet ook volgens hierdie beleid goedgekeur word.

- Jaarlikse aanpassings in bestaande interne heffings moet in oorlegpleging met die betrokke kliënte-omgewings plaasvind en moet in diensleweringsooreenkomste opgeneem word.

**Kontak afdeling:**
Finansies